**Skriflesing: Efesiërs 4 vers 1 tot 16**
**Tema: Ons is die kerk.**

Ons is die kerk. In Efesiërs 4 leer die Here vir ons 4 belangrike dinge oor die kerk:
**1. Ons is die liggaam van Christus.**
Ons behoort aan die kerk van Christus. Hy, en nie die dominee of die kerkraad nie, is die hoof. Ons trap partykeer in die slaggat om mense te volg, of nog erger, ons kies om nie deel van die kerk te wees nie omdat mense in die kerk ons teleurgestel het. Dit gaan nie in die kerk in die eerste plek oor mense nie. Ons is hier om die Here te dien. Hy maak ons elkeen deel van sy liggaam.

Mense vra dikwels: "Hoe lyk Christus?" Dan moet ons antwoord: "Kyk na ons. Ons is Sy liggaam, ons lyk soos Hy." Soos wat Hy opgestaan het en leef, so moet ons deur geloof in Hom leef. En as liggaam van Christus moet ons Hom sigbaar maak in die wêreld.

**2. Ons elkeen het 'n Godgegewe gawe en funksie**
As deel van Sy liggaam gee Hy vir ons elkeen 'n gawe en funksie. In die kerk is nie een van ons belangriker as die ander een nie. Dit gaan in die kerk nooit oor mag nie, maar gawes wat ons ontvang het en funksies wat ons het om te vervul. Ons lees daarvan in die volgende verse:
**Efesiërs 4 vers 7**: Aan elkeen van ons is 'n genadegawe gegee volgens die mate waarin Christus die gawes uitgedeel het.

**Efesiërs 4 vers 11-12**: 11En dít is die "gawes" wat Hy "gegee het": apostels, profete, evangeliste, en herders en leraars. 12Sy doel daarmee was om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus.

**Efesiërs 4 vers16**: en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende liggaamsdele pas by mekaar en vorm saam 'n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde.

Ons is 'n gemeente van gelykes waarin elkeen 'n Godgegewe gawe en taak het. Maar ons kan nie net sê dat ons glo in die liggaam van Christus nie - dit moet ook sigbaar word in ons lewens.

**Uit Efesiërs 4 is dit duidelik dat ons liggaam van Christus moet wees en sigbaar moet word in ons eenheid en liefde.**
Ons lees van eenheid in die volgende verse:
**Efesiërs 1 vers 10b:** Sy bedoeling was om alles wat in die hemel en alles wat op die aarde is, onder een hoof te verenig, naamlik onder Christus.

**Efesiërs 2 vers 14**: Christus is ons vrede, Hy wat dié twee, Jode en nie-Jode, een gemaak het. Deur sy liggaam te gee, het Hy die vyandskap afgebreek wat vroeër soos 'n muur skeiding gemaak het.

**Efesiërs 4 vers 3:** Lê julle daarop toe om die eenheid wat die Gees tussen julle gesmee het, te handhaaf deur in vrede met mekaar te lewe.

In **Efesiërs 4 vers 4- 6** lees ons 7 redes waarom ons 'n eenheid is: 4Daar is net één liggaam en net één Gees, soos daar net één hoop is waartoe God julle geroep het.5Daar

is net één Here, één geloof, één doop, [6]één God en Vader van almal: Hy wat oor almal is, deur almal werk en in almal woon.

**Efesiërs 4 vers 13:** So sal ons uiteindelik almal kom tot die werklike eenheid in ons geloof en in ons kennis van die Seun van God. Dan sal ons, sy kerk, soos 'n volgroeide mens wees, so volmaak en volwasse soos Christus.

**Efesiërs 4 vers 16:** en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende liggaamsdele pas by mekaar en vorm saam 'n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde.

Eenheid is nie 'n politieke besluit, 'n besluit wat deur die kerkraad geneem word of 'n saak van persoonlike voor- en afkeure nie. Eenheid is 'n Goddelike gegewe. Dit begin by verhoudinge.

En ons eenheid is nie 'n kleurlose eendersheid nie. Nee, in die gemeente is ook 'n Godgemaakte verskeidenheid. Ons is verskillende liggaamsdele, verskillende volke en kulture met verskillende Godgegewe genadegawes

En in hierdie een liggaam van Christus is daar nie plek vir skinder, jaloesie of rugstekery nie. Ons is nie ook net net 'n geestelike eenheid nie. Ons eenheid is sigbaar waar ons saam lag en huil, saam bid, vir mekaar omgee en saam kuier.

**3. As liggaam van Christus word ons ook geken aan liefde.**
Ons lees daarvan in die volgende verse:
**Efesiërs 4 vers 2**: Wees altyd beskeie, vriendelik en geduldig, en verdra mekaar in liefde. In Die Boodskap staan daar so mooi in hierdie vers: "Laat liefde julle lojaal teenoor mekaar hou, ook wanneer julle voel julle het nou vir eers genoeg van mekaar gehad.
**Efesiërs 4 vers 15:** Nee, ons sal in liefde by die waarheid bly en so in alle opsigte groei na Christus toe. Hy is immers die hoof.

**Efesiërs 4 vers 16:** en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende liggaamsdele pas by mekaar en vorm saam 'n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde."

**4. Ons sien in die laaste plek dat die gemeente as liggaam van Christus al meer soos Christus word.**
Wanneer elkeen sy/haar gawes uitleef en wanneer ons as liggaam van Christus in liefde een is, groei ons na Christus toe om al meer volmaak en volwasse soos Christus te wees. Dan word ons al minder wispelturig en moeiliker beïnvloedbaar deur allerlei dwaal-leringe. Ons staan vas teen die stormwinde en -golwe wat ons geloof wil vernietig of ons wil laat twyfel.

**Afsluiting**
Ons is Sy kerk. As gemeente maak die Here ons deel van Sy liggaam. In ons eenheid en liefde kan almal sien dat ons Sy liggaam is. Hy gee aan elkeen 'n gawe waarmee ons Hom en mekaar wil dien. So groei ons om volmaak en volwasse soos Hy te wees.
**Amen**